

Rondrits

Die eerste sonstraal het skaars Mosambiek se Bazaruto-argipel goudgeel gegooi of kaptein Morgan O'Kennedy stuur *Spanish Fly* se boeg die diepsee in. Iedere man met stok aan boord - behalwe ek, wat belooft het om die mans in vrede te laat hengel en net saam te kom vaar - is lank reeds besig om soveel moontlike stywe lyne die see in te span.

Morgan is 'n lang, donker, Afrikaanse man met groot oë, 'n boot en 'n manne-grotstrandhuis. Daai man deur wie ander mans hul droomlewe - verwyder van verantwoordelikheid of kinders of vrouens - kan lewe. Morgan is vry, feitlik onbereikbaar, met sy grootste liefde waarskynlik Sam, sy hond.

"Morgan, wat maak van iemand 'n goeie visserman?"

Hy glimlag.

"Die beste vissermanne is seker maar dié wat konsekwent hengel. Toe ek klein was het my ouers 'n strandhuis begin bou in De Kelders, tussen Stanford en Gansbaai. Dit was daar waar ek begin visvang het, saam met my pa. Ek het altyd afgehardloop na die poeletjies toe en heeldag tussen die rotse deurgebring om klipvisse te vang. Van klipvisse, bamboeshaaitjies, galjoen, steenbras, kabeljou en mosselkrakers.

"En so het ek maar net mal geraak daaroor. So saam met my pa."

Koning marlyn

"As jy lank genoeg hengel, en lief genoeg is vir hengel, sal jy seker op die ou einde by die koning - 'n marlyn - uitkom. Ek het in 2012 my eerste 1 000-pond-vis - die maatstaf vir marlynhengel - as kaptein vir 'n kliënt gevang. Sommige mense hengel hul hele lewe om om daai grootte vis te vang!

"Dit gaan egter nie vir my soseer oor my persoonlike geveg met die vis nie. Dit is vir my belangriker, en lekkerder, om mense te begelei. Ek self het seker al ses marlyne op my eie ingetrek, waarvan die grootste 500 pond was.

"Kyk, marlynhengel is 'n snaakse ding. Ek sê altyd vir mense dit is 'n spansport. Jy kan so betrokke raak as wat jy wil. Jy kan net daar sit, niks doen nie, en net as die vis byt in jou stoel klim. Óf jy kan help, vrae vra en kyk wat ons as 'n span op die boot doen."

Hengel is 'n siekte

Dit verbaas my glad nie dat Morgan, nadat hy graad gevang het, 'n somtotaal van net ses dae agter 'n lessenaar kon uithou nie. Ek sien sommer hoe hy sy ma destyds belowe het dat hy net vir ses maande Angola toe wil gaan, gou-gou wil gaan visvang en eens en vir altyd die visvang uit sy gestel gaan uitkry.

"Ek sê jou, hengel is 'n siekte! Daar is mans wat in hul kantore sit, verslag ná verslag tik, maar niks anders as visse op die skerm sien nie. Jul vrouens moet dit nou maar net eenmaal aanvaar: Dit is in jou gene. Dit is in jou bloed."

Morgan se beste raad aan enige vrou sou wees om dit "te aanvaar, daarmee te werk en 'n middeweg te probeer vind".

Ek lag. Vandag, nege jaar sedert hy Angola toe is, is Morgan gelukkig getroud met die see, sy hond, sy bote, en 'n jacuzzi vol visstokke.

Vanoggend die stad, vanmiddag die see

"Sonder om nou kwaai te lieg: jy kan tien verskillende visse in Vilankulo vang, tussen 0,5 kg en 500 kg in een dag. Jy kan van die kant of van die boot af hengel, en dit is mooi. Vilankulo is boonop 'n vlug van twee en 'n half uur uit Johannesburg en jy kan binne 30 minute van aankoms reeds in jou



Man en die see

Daar op die blou waters van Bazaruto se argipel leer ken **Daréll Lourens** vir kaptein Morgan O'Kennedy, 'n vrygesel verlief op sy hond en getroud met die see.



Morgan O'Kennedy (34) en sy hond, Sam, woon in Mosambiek en hengel voltyds.

hotel wees, reg vir 'n bier en braai! Man, jy kan daardie selfde dag al begin hengel!"

Op die ou einde draai alles steeds om geld en kan 'n mens ongelukkig nie daarvan alleen oorleef nie, aangesien visvang seisoenaal is. Morgan reken hy en sy vennoot, Raphael Arnold, was baie slim deur hul onderneming ook buite visvangtyd, maar steeds in en om die see, te bou. Vandag herstel, verkoop en stoor Big Blue Vilankulo verskeie bote, en is hulle die enig-

ste en amptelike Yamaha-agentskap in die Inhambane-provinsie. Sou hulle 'n dag nie visvang nie, vergesel hulle gaste op eksklusiewe eiland-, snorkel- en walvissafari's.

"Om tot in Vilankulo te ry is maklik en die paaie is lekker, al kan die pote maar soms onvriendelik wees. As jou goed reg is, moet jy maar net geduld hê. Daar is ook oorgenoeg slaapplek onderweg en 'n mens sien ook die land: die mooi palmbome daar by Inhambane en die boslandskappe



Daréll is 'n vryskutreisryer, fotograaf en digitale rolprentmaker. Lees meer van haar omswerwinge op haar blog www.thegoodholiday.com.

van Maputo se vleilande."

Dit hang seker maar van jou begroting af, maar Morgan beveel 'n minimum van vyf nagte of vier vol dae aan vir diegene wat op 'n visvangtoer wil kom.

Morgan en Raphael het my die drie eilande, Bazaruto, Benguerra en Magaruque, in twee dae gewys. Ek kon tyd afknyp vir kiekies, walvisse kyk en snorkel. Ek het selfs my eerste vis gevang! Persoonlik raai ek egter 'n minimum van vyf vol dae of ses nagte vir álmal, visserman of nie, aan.

Die walvisseisoen strek van begin Julie tot einde September, en marlynvang gebeur middel September tot middel Desember.

En die res van die jaar, vra ek? "Wat bedoel jy dan nou? Dan vang jy vis!"

Vang en vrylaat

Om die een of ander rede het ek gedink iedere groot vis sien sy einde, en in die lig van volhoubaarheid het dit my hart gebreek, so ek was baie verlig om te hoor dat 97% van alle visse wat hulle vang, losgelaat word. En dat hulle wegsweem sonder te veel beserings om steeds te oorleef. Big Blue Vilankulo help ook met opspoorpro-



Mosambiek se Bazaruto-argipel lok jaarliks honderde blou, swart en gestreepte marlyne. | FOTO'S: DARÉLL LOURENS



Morgan O'Kennedy swem graag saam met die marlyne wat hy vrylaat.



Die vriendelike vissermense van Bazaruto máák die plek.



Big Blue Vilankulo se boot Spanish Fly vaar met sonsopkoms die diepsee in.

| FOTO: JANNEMAN CONRADIE



Die boeg van 'n boot is 'n lekker plek om Mosambiek se sonskyn te geniet.

gramme vir die African Billfish Foundation en navorsing vir die Amerikaanse wetenskaplikes wat genetiese groepering van die swart en blou marlyn versamel. “Natuurlik hou ons hier en daar ’n paar vir die pot, maar ons laat los waar ons kan: al die rifspesies, marlyne, die groot wahoe, koning makriel, tuna . . . daai gooi ons vir seker terug. Verantwoordelike toerisme is vir my ’n belangrike ding. “Ek sien die see as my plek. Ek wil nie mense laat betaal om by my te kom visvang en in die proses my eie huis opneuk nie.”

'n Man en sy boot

Daardie middag, op die mannegrot-strandhuis se stoep, loer Morgan hoe die trekker sy nuwe boot te water laat. Ek kan sweer dié loer vir hom terug, want ek is nie seker of hy hoor toe ek vra watter vis hy nog wil vang nie. “ ’n ‘Peacock bass’ in die Amasoneri-

vier kan lekker wees om te vang, nie so seer oor die vis nie, weer eens meer oor die hele avontuur!” Sy aandag is eintlik by daai boot . . . “Ek het al alle soorte marlyne gevang, behalwe die swaardvis. So, as daar nou een vis is was ek graag sou wou vang, dan sal dit seker dié een wees. Swaardvisse egter is doer, diep in die see, so diep dat ek nog nie eens een gesien het nie.” “Gaan kyk asseblief tog net na daai boot,” sê ek, maar maak hom belowe hy sal my nog eendag help om ’n marlyn te vang. En in te trek. Morgan groet en belowe gelyktydig en hardloop soos ’n seunskind wanneer die skoolklok lui vir pouse, die heelpad oor sy grasperk see toe. Ek kyk hom agterna, lag by myself en dink hoe ironies dit is dat hierdie visserman eintlik nes daai swaardvis is wat hy so graag wil vang: Albei is op hul mooiste as jy hulle vrylaat.

WORD DIE BOBAAS BRAAIBROODJIE KAMPIOEN!

Maak dinge warm met jou wenresep en kom ding oor 'n oop vlam teen ander mee vir jou wenkans.

CAMPWORLD

GET UP AND GO

Kompetisie geldig vanaf 22 Oktober tot 27 November 2016. Deelnemende Campworld handelaars. B&V's geld. Vir meer inligting besoek www.campworld.co.za

52 Met Campworld kan jy 52 vakansies per jaar hou